My twee wonderwerk babas

Ek wil aan u my verhaal vertel en hoop om daarmee ander egpare hoop te gee. Hoop beskaam nooit nie.

Vandat ek kan onthou wou ek nog altyd ‘n groot gesin hê. Kleintyd drome, word egter nie altyd maklik waar nie.

Ek en my man was slegs 7 maande getroud toe die ginekoloog vastel dat daar fout is met my organe. Na tweede en derde opinies, 2 groot operasies, talle laparoskopies en 12 invertiliteitsbehandelings waar onder 2 GIFTS en 2 Invitro bevrugtings, besluit ek en my man om die seerkry te los en te probeer vir aanneming. Baie makliker gesê as gedoen. Maande lank skryf ek aan elke organisasie waarvan ek lees/hoor. Almal het dieselfde uitslag. Jammer ons waglyste is vol, of ons kan u nie neem nie. Waarheen nou?

Ons besluit om ons te wend na privaat aanneming. Die keuringsproses neem ‘n jaar. Nog ‘n jaar en ‘n half op die waglys en toe die verpletterende woorde. Die maatskaplike werker immigreer, baie jammer! Van voor af geen hoop en steeds geen baba. Ek skryf weereens aan almal, en die keer gebeur die wonderwerk, ons kom in by ons kerk se organisasie, welliswaar in ‘n ander streek en nadat ons duidelik daarop gewys is dat hulle nie ouers uit ander streke aanvaar nie, en dat ons die uitsondering is.

My ginekoloog skakel my in die tyd en sê dat hy ‘n baba vir aanneming beskikbaar het. Een keer van tevore het hy ook geskakel en dit het nie uitgewerk nie. Die seerkry en blootstelling lê ons weer naak voor die gees en ons verwys hom hierdie keer na die aanneem organisasie, maar glo nie dat daar iets van gaan kom nie. Groot is ons verbasing toe die maatskaplike werkster 6maande later skakel sodat ons die biologiese ma moet kom ontmoet en dit werklik dié baba is.

Ons ontmoet die ma en aangesien ons by dieselfde dokter is, kan hy reël dat ek die keisersnit meemaak. Renata laat die dak lig toe hulle haar uithaal en die lugweggie skoonsuig. Die hemel is egter binne in die teater toe hulle haar in my arms sit en sy dadelik stilbly. My wonderwerk dogter!! Jy het nooit onder my hart gegroei nie, maar so vas in my hart.

Tweede aannemings word nie meer deur ons organisasie gedoen nie, en ons besluit om weer vir ‘n GIFT te gaan toe Renata 9mnde oud is. Ek is reeds in my 30’s en wil graag ‘n tweede baba hê en kan nie die nut van ‘n lang wag insien nie.

Die dame wat die swangerskap uitslag bring sê “baie geluk mevrou, jy is beslis swanger”, maar ek ruik nie lont nie. Op 6 weke begin ek egter bloei en haas my dokter toe. Net hegtingsbloeding, sê hy, maar koop solank ‘n bussie, jy is swanger met ‘n vierling. Dit is vir ons ‘n groot skok, veral omdat 3 dokters my verseker dat ek met my mediese geskiedenis nie in staat sal wees om 4 end uit te dra nie. Wat nou? Ons glo nie aan aborsie nie? Die Here gryp egter in en op 8 weke het ek ‘n gedeeltelike miskraam en verloor 2 baba’s. Die res van my swangerskap verloop sonder veel verdere komplikasies, tot die vreeslike nag.

Op 24½ weke swangerskap, gaan ek sonder enige pyne, of ander teken in vroeë kraam. Die dogtertjie se vrugsak prolaps en ek vorm boonop ‘n bundelse ring. In die omstandighede het die dokter geen keuse nie, en ek kry ‘n nood keiser. Die dokters spook om my deur te haal met ‘n bloeddruk van 65/35 en bloedoortappings.

My dogtertjie word gebore en weeg ‘n skrale 660g en my seuntjie 780g, albei 31cm lank. Albei het slegs ‘n APGAR telling van 1. Die pediater sê ook aan my dat hulle hul bes sal probeer, maar voor 26 weke swangerskap is ‘n baba nie werklik lewensvatbaar nie.

Albei babas kry medikasie om hul longe aan die gang te kry, maar my dogtertjie verloor die stryd om te lewe en na slegs 34 uur sterf sy aan dubbele beroerte en longbloeding. Pierre veg egter voort.

Die skok om so ‘n klein mensie die eerste keer te sien en te besef dat hulle te klein is om te leef is onbeskryflik. Daar is nog soveel goed wat moet ontwikkel, en mens mag nie eers aan hulle vat nie, dan vat jy die vel af.

Ons sit daagliks langs Pierre se wiegie en bid en hoop dat hierdie baba na wie se koms ons so uitgesien het tog net sal lewe. Ons sien ook die wonder van sy ontwikkeling, wat andersins in die baarmoeder sou plaasvind, voor ons oë ontvou, soos ‘n baie delikate blom se blare.

In die eerste week kry hy ‘n ioon wanbalans en dit laat hom erg opswel.

In die tweede week begin die longsakkies in sy regterlong bars, van die ventilator. Die masjien wat hom aan die lewe moet hou, is besig om hom stadig maar seker dood te maak. Na 'n 24 uur gebedsketting begin die linker long, wat tot dusver nie gefunksioneer het nie, oornag werk en die ergste gevaar is verby. Hy kan ook die eerste keer sy ogies oopmaak en die oorkanaaltjies begin vorm

Week 3 begin sy skrotum vorm en kry die water pistooltjie darem koeëls.

Op 4 weke mag ek hom die eerste keer vashou. Ek huil behoorlik my oë uit van dankbaarheid. Hy begin ook nou die eerste keer sy kos verteer. Die drups was tot nou toe deur sy naeltjie, maar die naeltjie pak nou op.

Op 5 weke kom die groot krisis. Pierre kry septisemie in die bloed en kry ‘n CRP telling van 395. (‘n telling hoër as 5 dui op infeksie en by 20 begin prems sterf) Hy gaan in septiese skok in en vir 4 dae wil sy hart net gaan staan en het hy ‘n boeddruk, hoër as die van ‘n ou man. Die dokters wys ons weereens daarop dat hy van die begin af nie eers ‘n 20% kans op oorlewing gehad het nie en dat hy werklik kritiek siek is. Net gebed dra ons deur dié krisis.

Op 7 weke kry hy weer infeksie. Die keer draai die CRP telling by 315. Hy kry ook ‘n CVP lyn direk hart toe, aangesien sy are nou so gedaan is dat daar nie meer plek is om ‘n drup in te sit nie. Hy trek ook die eerste keer die skaal op 1kg.

8 Weke is die groot dag, waarop die ventilator verwyder word en Pierre op CPAP asemhaal. Daarna volg die kort pypies in die neus vir eksta suurstof.

Op 9 weke kry die man sy eerste bad, in ‘n 2 liter roomys bak.

10 Weke oud en die kraakbeen in sy ore en oorkanaaltjies is nou gevorm. Tot nou toe was daar net velletjies. Hy word ook nou in ‘n broeikas geplaas en dra die eerste keer klere soos ‘n regte baba.

Op 11 weke moet hy oorgeplaas word na Pretoria vir ‘n oogoperasie. Die vervoer na Pretoria en terug, sowel as die narkose gee hom longontsteking en hy word erg teruggesit. Hy huil hom ook in ‘n liesbreuk in.

Op 12 weke begin hy borsvoed en ek is in ekstase. Hy weeg maar 1.6kg en word nog gou moeg, maar ten minste voed hy al een voeding in 24 uur.

14 Weke oud en die eerste keer sonder suurstof. Nog ‘n wonder, aangesien die dokters verwag het dat hy met sy slegte longe met suurstof sou huis toe gaan.

Op 15 weke is die liesbreuk so erg dat dit herstel moet word en hy kry sy tweede operasie.

Op 16 weke volg ‘n tweede oog operasie, maar dit sit hom nie nou meer so terug nie en hy vorder tot in ‘n wiegie en moet nou al sy voedings self drink.

Week 17 breek die groot dag aan en ek neem my 2de Wonderwerk baba huis toe na 121dae in NICU (op ons 9de huweliksherdenking). Gewig, 2.2kg.

Pierre kry op 7 maande gehoor apparaat, aangesien die medikasie wat sy lewe gered het, sy gehoor beskadig het. Op 8 maande sy vierde operasie vir pypies in die ore. Die pypies is die soveelste wonderwerk. Nadat dit in sy ore gesit is herstel sy gehoor met 50 desibels per oor en hoor hy nou normaal in sy regter oor en sy linker oor is slegs effe hardhorend.

Op 10 maande moet Pierre ‘n operasie kry om sy kopnate oop te maak, aangesien dit te vinnig toe gegroei het en hy so drukking op sy brein begin ervaar het dat hy gereeld begin braak het en sy neusie sommer vir niks aan die bloei gegaan het.

Op 17 maande kry Pierre sy eerste tand. ‘n Groot gebeurtenis in ons huis. Die tand lei egter tot mangelontsteking wat so erg is dat die mangels sy lugweg versper en my kind kry sy 6de operasie waar hulle sy mangels en neusmangels verwyder en weer grommits in die ore sit.

Daar word op 16 maande vasgestel dat Pierre ‘n refluks probleem het. Hy word eers op medikasie geplaas, maar as dit vererger so dat hy op 19 maande sy 7de operasie ondergaan om die maagklep te herstel.

Op 20 maande word hy gediagnoseer met Spastiese Diplegie, ‘n vorm van serebraal gestremdheid. Hulle moet ook die operasie herhaal om sy kopnate oop te maak, aangesien dit vir ‘n tweede keer te vinnig toegegroei het.

Verder sien hy steeds gereeld ‘n fisioterapeut, arbeidsterapeut en spraakterapeut vir oefeninge om sy mylpale in te haal , sowel as sy pediater en ander spesialiste. Sy longe lol ook nog en hy word nog dikwels gehospitaliseer maar ek dank die Here daagliks vir sy groot genade vir die klein mensie aan ons toevertrou. Hy het reeds sy eerste kersie op sy koek doodgeblaas. Pierre is nou 20 maande en weeg 6,8kg nog bitter klein, maar al so groot vir dié van ons wat weet waar hy begin het.

Ek wil baie graag my ginekoloë bedank, die pediaters en die NICU span en kindersaal verpleeg personeel, wat soos ma’s vir my kind geword het, die maatskaplike werksters, ander dokters en terapeute, al ons vriende, familie en selfs vreemdelinge vir hul ondersteuning en gebede, maar bo al vir God, die goeie Gewer. Weereens het Hy bewys dat geloof, hoop en liefde die ware lewensaar is en alles moontlik maak.